JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 5 10 - 17 Febr 2023

MOTHEO/XHARIEP ATLETIEK
Daar is 25 van ons atlete wat deurdring na die Motheo atletiekbyeenkoms wat plaasvind op Woensdag, 15 Februarie. Inligting rakende die vervoer sal op die graadgroepe aan ouers bekendgemaak word. Baie sterkte aan hierdie atlete.

FICHARDTPARK ATLETIEK
Baie sterkte aan al die atlete wat op Saterdag, 11 Februarie in Bloemfontein aan die Fichardtpark atletiekbyeenkoms gaan deelneem.

SKAAK
Baie sterkte aan die leerders wat Maandag, 13 Februarie gaan skaak speel teen Hopetown: **Die bus vertrek om 13:15 vanaf die skool.**

LANDBOUDAL 0/13 SPORTNAWEEK
Sterkte vir ons 0/13 rugby-en netbalspanne wat volgende naweek aan die sportnaweek gaan deelneem. Hierdie leerders het elkeen 'n inligtingstuk ontvang.

TOUTREK
Baie sterkte aan al die leerders wat op Saterdag, 11 Februarie in Koffiefontein gaan deelneem.

TWEEKAMP
Baie geluk aan die volgende tweekamp atlete wat Dinsdag, 7 Februarie in Bloemfontein deelgeneem het:

Seuns 0/8:	Adriaan Badenhorst – 3'e plek
Seuns 0/9:	CG Combrink – 2'e plek
Dogters 0/13:	Claire Combrink – 4'e plek
	Elri de Waal – 5'e plek
Seuns 0/13:	Ignus Jacobs – 2'e plek

AMESA
Die eerste rondte van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Assosiasie (AMESA) se jaarlikse Wiskunde uitdaging word op 15 Maart geskryf. Ons moedig ALLE Gr. 4-7 leerders aan om in te skryf. Inskrywingsgeld beloop R52-00 en is voor of op 20 Februarie by die finansiële kantoor betaalbaar.

COOLING TOWELS
Voel jy soos 'n uitgebraaide hoender? Die koshuis het die oplossing – "Cooling towels" te koop teen R70 elk. Bestellings word geplaas by Elke van der Westhuizen: 082 849 5981.

BYBELVASVRAE
Die Bybelvasvrae span vir 2023 is as volg:
- Ella du Toit
- Phil Snyman
- Simon de Witt
- Aidan Brooks

Baie sterkte aan hierdie leerders met hul voorbereiding.

TOERVERGADERING
Ons nooi alle ouers uit om op Maandag, 13 Februarie om 07:30 die toervergadering in die skoolsaal by die woon.

KOEKIEVERKOPING
Baie dankie aan al die Graad 7-mammas wat heerlike eetgoed gestuur het met hulle koekieverkoping. Die klas het 'n pragtige bedrag van R3069-70 ingesamel.

LEERDERS
Geen seun of dogter mag uit die swembadterrein gaan as hy/sy nie ten volle geklee is nie. Leerders mag nie met hul swemklere op die skoolterrein rondloop nie.

…….....
T.E. MOSTERT
Waarnemende Skoolhoof

GEBEDSLYS

Ons is baie dankbaar vir die heerlike reën.
Lulu van den Berg (pa oorlede)
LJ Vermeulen (ouma oorlede)
Wynand du Plessis (oupa siek)

JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL BIED AAN

17 Februarie
18:00
Skoolsaal

Besprekings:
Slegs tot 14Feb.
Hetmarie
082 297 6605

R100 per persoon
R50 per laerskoolkind

Valentynsdans!

Beskikbaar:
Braaivleisvure
Musiek
Tafels en stoele
Bykosse

Bring saam:
Vleis
Breekware en eetgerei
Drinkgoed
(R20 per koelboks)

Jakkies

Wil ń bekostigbare geleentheid vir kinders en grootmense bied om te lees.

Skenk asb al daardie tweedehandse boeke wat so stof opgaar aan ons biblioteek.

Kontak Annelie 065 891 0146

Sy is by die boekstoor as jy boeke wil aflewer.



Valentynsdag is om die draai.

Ondersteun JOS en kom koop Maandag, 13 Februarie, tydens 1'ste pouse, 'n oulike geskenkie vir iemand spesiaal. Groot verskeidenheid mooi goed en bederf goed, teen sakpas pryse.

ExperTec Fiksheid

Privaat Afrigting

Kontak Leana by 082 516 5566 vir meer inligting

Maandag - Vrydag - Jacobsdal Primêre Skool Atletiekbaan